'n Passie vir Maties maak "Dok" dag en nag 'n mentor

Lynne **Rippenaar**

Foto: Hennie Rudman, SSFD

Waansinnig! Dís wat Edna van Harte destyds gedink het toe haar man gewens het hy kon by die Universiteit Stellenbosch gaan werk.

Jare later, lank ná sy dood, werk sy nou hier – die eerste vrou as studentedekaan op die kampus. En vir dr Van Harte ("Dok" soos baie Maties haar noem) is dit 'n eer om met hulle te werk.

Is jy 'n personeellid, lol dit om 'n onderhoud met haar ingepas te kry – maar vir studente staan haar deur 24 uur per dag oop. Is sy nie by beplanningsvergaderings of studentefunksies nie, is daar altyd 'n klomp mense in haar kantoor – baie vra raad, ander kom net hello sê.

Maar ánders wil sy dit nie hê nie. Sy is gou om te sê dat hoewel haar werksweek omtrent "van Maandag na Maandag strek", geniet sy dit vreeslik om omring te wees van "die land se toekomstige leiers."

Haar vroeë persepsies oor die Universiteit, sê sy, het hul oorsprong gehad in die destyds negatiewe beeld van die Universiteit, plaaslik en oorsee. Dr Van Harte het 15 jaar in Amerika by verskeie universiteite gestudeer en gewerk, in sielkunde en multikulturele sake en as raadgewer.

"Stellenbosch was vir 'n lang tyd agter met die transformasieproses. En omdat die US destyds baie apartheidsleiers opgelewer het, is die Universiteit se beeld na buite erg geskend. Deesdae is dinge anders en ek wil nou meer konsentreer op die ontwikkeling van leiers wat Suid-Afrika in 'n demokratiese era kan lei, sê sy."

"Een van die dinge wat vir my baie belangrik is, is om 'n groter bewussyn by studente te kweek oor probleme wat baie Suid-Afrikaners daagliks ervaar. My ervaring met die studente hier is dat hulle gewoonlik met die regte leiding in goeie leiers ontwikkel."

Sy het in Julie 2002 by die Universiteit aangesluit in 'n ondersteunende rol tot die bestuur en as uitvoerende assistent vir die rektor. In Julie 2004 is sy as studentedekaan aangestel.

Vir haar is dit belangrik dat studente meer betrokke word in aktivisme, veral rondom die rol van vroueleiers op kampus. "Daar is spesifieke uitdagings vir eerstegenerasie-vroueleiers en dit moet iets word waaroor studente openlik praat en waarvoor hulle aktief oplossings soek." Vroueleierskap is 'n pad wat sy goed ken en waarin sy al in verskillende velde 'n rol gespeel het – dus verstaan sy die probleme wat studente as vroueleiers op kampus teëkom.

Die belangrikheid om entrepreneurskap onder studente aan te wakker, is ook een van die uitdagings wat sy graag aanpak.

"'n Student wat 'n isiXhosa-koerant wil begin, het dit met my bepreek. Ek dink dis 'n goeie idee, want hier is iemand wat nie net gestudeer het en nou gaan werk soek nie, maar eerder self werk wil skep en só ook vir ander mense werksgeleenthede wil ontwikkel. Ek dink dis belangrik om besighede te bou. En ons moet ons jong leiers oplei om entrepreneurs te word en sodoende werkloosheid bekamp" sê sy.

Dis ook vir haar belangrik dat Maties opgelei word om hul volle potensiaal as leiers te bereik – nie net met akademiese prestasie nie, maar ook deur betrokkenheid by sosiale projekte op kampus, want "dit is sulke leiers wat gereed sal wees

vir die uitdagings in Suid-Afrika én op die Afrika-kontinent."

Sy beskou transformasie, as een van haar moeilikste take by die Universiteit. Om meer diversiteit in die koshuise te skep, is veral 'n uitdaging.

"Ek moet nog altyd regverdig wees wanneer ek transformasie deurvoer, want ek kan nie heeltemal onsimpatiek wees teenoor mense se verlede en kulture nie. Ek is nie hier om witmense uit hul werk te skop nie, of studente te dwing om met mekaar te meng nie, maar om deure verder oop te stoot vir hulle wat agtergelaat was, sodat hulle al die geleenthede kan hê wat hulle voorheen ontbeer het."

Ek is nie hier om witmense uit hul werk te skop nie, of studente te dwing om met mekaar te meng nie, maar om deure verder oop te stoot vir hulle wat agtergelaat was, sodat hulle al die geleenthede kan hê wat hulle voorheen ontbeer het."

Sy beoog 'n multikulturele forum waar studente openlik kan praat oor hul verskille en niemand veroordeel word nie.

"Integrasie is 'n lang proses en hoewel dinge nie oornag kan verander nie, is dit iets waarna ons moet streef. Ek wil byvoorbeeld meer diversiteit by ons studenteverenigings se funksies sien. Maar baie studente kan nie aandfunksies bywoon nie, want hulle woon nie op kampus nie of het nie eie vervoer nie. Miskien moet ons busse beskikbaar stel vir studente wat vêr moet reis. Ek dink nie dit moet net gaan oor 'n tekort aan bronne nie, want dít word te maklik 'n verskoning. Daar is innoverende maniere om probleme op te los en daar is nie 'n tekort aan idees op dié kampus nie".

Sy meen ook die Universiteit moet geleenthede om integrasie aan te moedig, nog beter benut. "Mense lewe in verskillende wêrelde en bly net daar, want hulle is so bang vir dit wat anders is". Sy is self 'n goeie voorbeeld van ongegronde vrese. Om by die Universiteit te werk, sou vroeër vir haar taboe gewees het – nou is dit haar passie om studente van alle kulture op die kampus welkom te laat voel.

Behalwe haar voltydse pos as Studentedekaan, is dr Van Harte ook nou betrokke by verskeie nasionale kultuurorganisasies. Sy is voorsitter van die Afrikaanse Taalmonument en Museum se beheerraad, ondervoorsitter van die Nasionale Argief se adviesraad en dien ook in die uitvoerende bestuur van die Nasionale Erfenis Raad.

"By hierdie instansies dien ek as 'n goeie skakel vir die Universiteit en kan ek wedersyds kontakte opbou op 'n meer strategiese vlak".

Die studente is haar kliënte en goeie dienslewering is vir haar baie belangrik. Sy wil ook nog meer gedoen hê vir die probleme wat studente met gestremdhede steeds daagliks op kampus ervaar. En sy wil veral seksuele oriëntëring en seksuele teistering meer aandag laat kry. "Hier is gemarginaliseerde groepe studente wat voel Stellenbosch skep nie vir hulle 'n tuiste nie," sê dr Van Harte, "en ons moet dít verander."

Die realiteit van studente wat elke oggend moet pendel en teen vier-, vyfuur soggens hulle huise verlaat om met 'n trein, bus of taxi, of selfs al drie, 'n agtuurklas op kampus by te woon, geniet ook die hoogste prioriteit by haar. Deur gesprekke met studente wat pendel het sy besef dat hulle gereeld deur akademici aangespreek word as hulle weens onbetroubare vervoer laat by klasse instap of selfs klasse misloop.

Dr Van Harte voel ook sterk oor die skep van 'n leerkultuur op kampus. "Studenteleiers word baie swaar belas met die dienste wat hulle moet lewer en dit skep probleme vir hul akademiese verpligtinge. Daarom beoog ek 'n ondersteuningsnetwerk om dié studente te help om hul gemeenskapsdiens én diens aan die Universiteit te lewer sonder dat hul studies daaronder ly."

Dat sy uitgeknip is vir die pos, is duidelik. Vir baie Maties is sy 'n ma én 'n mentor. Sy het 'n oog om hul talente raak te sien – en ook baie vinnig om dit dan verder te ontwikkel of hulle die nodige blootstelling met hul talente te gee.

Selfs in haar afdeling gebruik sy hulle só. Shirwilene Thomas se aanvoeling vir 'gender'-kwessies dra grootliks by tot die bemagtiging van vroue- en minderheidstudentegroepe op kampus. Dr Van Harte het ook Eduan Maggo se organisasievaardighede deur 'n omstrede verkiesingsveldtog gelei terwyl Kobus Ehlers waarde tot die afdeling bygevoeg het deur die Studentesake-webblad op te stel.

En hoe voel sy oor die Universiteit noudat sy al 'n paar jaar hier werk? "Ek is bly om nou hier by Maties te wees en 'n rol te speel in beter rasseverhoudings, transformasie en bemagtiging op kampus. Ek wil die kampus se beeld van 'n wit, Afrikaner-instansie verander na een waar dié kwessies belangrik is. Kry ons dit hier reg, weet ek dit sal nog makliker gaan om dit in gemeenskappe uit te leef."

Rugby loop ook dik in dr Van Harte se bloed! Sy is nie net 'n geedriftige rugby-ondersteuner nie, maar het vroeër self as vrouespeler op die veld gedraf. En hier het die US ook haar talente raakgesien. Sy is by die Rugbyklub se bestuur betrek. Verlede jaar was sy onder meer die bestuurder van die Maties-Sewespan wat die Melrose Sevens in Skotland gewen het.

"Ek wil erkenning gee aan die Universiteit dat hulle bereid was om my by rugby te betrek., Ek het dit rêrig geniet om saam met dié sportmanne oorsee te toer – en ook daar deure vir die US oop te maak."

"Dat die Universiteit 'n vrou by rugby betrek het en die onderhoof van Studentesake, mnr Pieter Kloppers, by netbal betrek is, wys die kampus is nie bang vir die uitdaging om tradisionele mans- en vrouerolle 'n bietjie om te ruil nie," lag sy.

Sy erken dat al die uitdagings met transformasie haar soms wil onderkry, maar dan herinner sy haarself net weer aan die ongelooflike potensiaal onder die studente, die toekomstige leiers van Suid-Afrika, waarmee sy bevoorreg is om te werk.

Wat haar met sulke tye ook aanspoor, is dat sy saamwerk met 'n span wat enigiets kan aanpak en klaarkry. Een van Studentesake se administratiewe beamptes, Richenda Herandien, dien in die Jeugraad van Suid-Afrika en die kantoorbestuurder, Shane Stoffels, is 'n kennisbron ná haar jarelange ondervinding by die Gehaltekomitee vir Hoër Onderwys (die HEQC).

Dr Van Harte voel ook aangedryf deur haar hoofdoel – integrasie op kampus. "As Maties met gemak meng, en saamwerk om Suid-Afrika op te bou, sal ek voel ek het my plig vir alle studente op dié kampus nagekom".

m

Kontak

Dr Edna Van Harte by tel (021) 808 2222 of per e-pos elvanharte@sun.ac.za